Backup Buddy en Winkerk Online

Registrasiedokument

Gemeente			
Gemagtigde amptenaar			
Ampstitel van amptenaar			
Selfoon			
Epos			
Produkte *	Backup Buddy Winkerk	Backup Buddy Finkerk	Winkerk Online

* Dui gekose produk/te aan deur die betrokke produk(te) te omkring.

Kostes

Backup Buddy vir Winkerk kos R45 per maand en Backup Buddy vir Finkerk kos R30 per maand. Winkerk Online kos eenmalig R399-00. (In sommige sinodes ** is die Backup Buddy bedrag jaarliks vooruitbetaalbaar.)

Magtiging

Bg. gemeente gee hiermee aan Infokerk die magtiging om die Backup Buddy fooi maandeliks saam met die gemeente se normale debietorder te mag verhaal, of indien u gemeente in 'n sinode val wat jaarliks vooruit moet betaal vir Backup Buddy, onderneem die gemeente hiermee om jaarliks die fooi vooruit te betaal.

Die eenmalige fooi vir Winkerk Online, of indien van toepassing, die jaarlikse fooie vir Backup Buddy, kan in die volgende rekening inbetaal word:

Rekening Naam: Info-Edu.
Bank: Standard Bank
Tak: Lyttelton
Takkode: 010945
Rekening nr: 011713208

Handtekening ----------

Gemeente se onderneming

1. Deur die ondertekening van hierdie dokument magtig bg. gemeente Infokerk om hulle data te beveilig dmv Backup Buddy en dit op te laai na die internet vir gebruik met Winkerk Online se sentrale databasis.
2. Bg. gemeente neem kennis dat Infokerk slegs die bg. amptenaar toegang gee tot Winkerk Online, indien die gemeente toegang tot Winkerk Online hiermee versoek het. Enige ander persone (amptenare en/of lidmate van die gemeente) kan alleen toegang tot Winkerk Online verkry indien die bg. persoon sodanige persone magtig om toegang tot Winkerk Online te verkry.
3. Bg. gemeente neem kennis dat Winkerk Online die aanlyn komponent van Winkerk 7 is, en dat dit steeds die gemeente se verantwoordelikheid bly om te verseker dat ongemagtigde persone nie toegang tot Winkerk 7 of Winkerk Online mag kry nie.
4. Die gemeente aanvaar die verantwoordelikheid van die rugsteun van hulle data deur Backup Buddy. Indien 'n gemeente agterkom dat Backup Buddy nie reg werk nie, moet hulle onmiddellik met Infokerk se hoofkantoor in verbinding tree om die probleem te ondersoek en reg te stel. (LW: Gemeentes ontvang weekliks 'n epos indien Backup Buddy suksesvol die backup kon oorlaai na die Infokerk Server)

Infokerk se onderneming

1. Infokerk bevestig dat geen data van Winkerk Online, aan enige ongemagtigde persoon of instansie beskikbaar gestel sal word nie. Die data van Winkerk Online is uitsluitlik vir gemagtigde gemeentelike en of sinodale gebruik beskikbaar. Slegs gemagtigde persone het toegang tot die data, en geen lid van die publiek het, of sal ooit, toegang hê tot die gemeente se data nie.
2. Infokerk aanvaar geen verantwoordelikheid indien enige persoon wat deur die gemeente gemagtig is om toegang tot die data (in Winkerk 7 en/of Winkerk Online) te verkry, hierdie toegang misbruik en data van die gemeente vir eie gewin gebruik nie.
3. Enige persoon of instansie wat die data van Winkerk 7 en/of Winkerk Online onregmatig gebruik buite die bestek waartoe so 'n persoon of instansie deur die gemeente gemagtig was, kan strafregtelik vervolg word.
4. Infokerk het die data van gemeentes volgens al die vereistes van die wet beveilig om dit sodoende te mag oplaai na Winkerk Online toe.
5. Infokerk aanvaar geen verantwoordelikheid indien bg. gemagtigde amptenaar verkeerde regte toeken aan amptenare en of lidmate wat nie daardie regte mag hê nie.

Handtekening van gemagtigde amptenaar: _____

Datum: _____

** Wes- en Suidkaap, Noordkaap en Namibië.

Handtekening ----------